# Die Kruin-o-gram

28 Maart 2021 - Uitgawe 04

## Om God te ken | 1 Johannes 2:7-17

Die Eerste brief van Johannes, of te wel 1 Johannes, is die eerste brief van 3 Johannese briewe in die Nuwe Testament en is die vierde brief in wat genoem word die 'Algemene briewe'. Hierdie drie briewe vorm ook deel van 'n korpus werke wat aan die dissipel Johannes toegeskryf word. Daar is egter geen konsensus oor wie die evangelie van Johannes en die briewe van Johannes geskryf het nie. Akademici is wel seker dat die persoon wat 1 Johannes geskryf het nie dieselfde persoon was wat die evangelie van Johannes geskryf het nie. Daar is ook 'n lang en komplekse debat oor of al drie briewe van Johannes deur die outeur geskryf is.

1 Johannes is heelwaarskynlik in die stad Efese geskryf tussen 95 en 110 A.D. Die fokus van die boek is om gelowiges raad te gee oor hoe om ware leermeesters in hul gemeenskap uit te ken. Die brief gebruik dan etiek, die menswording en verheerliking van Jesus en liefde as 'n maatstaf. Die taal is Koine Grieks soos die res van die Nuwe Testament en die brief word in vyf hoofstukke verdeel.

As sulks is die boek as volg gestruktureer: 1:1-4, die proloog; 1:5-2:17, 'n Lewe in die lig van God; 2:18-27, waarskuwing teen antichriste; 2:28-3:10, 'n Lewe as kinders van God; 3:11-24, Liefde in plaas van haat; 4:1-6, Gees van waarheid teenoor die gees van dwaling; 4:7-5:4, 'n Lewe in liefde van God; 5:5-12, Die ware Getuie oor die Seun; 5:13-21, Die sekerheid oor geloof.

### Die Gnostiek

Hierdie groepering gelowiges het in die eerste eeu na Christus ontwikkel in Christelike kringe regoor die Christelike wêreld. Hierdie naam is bloot 'n sambreel term wat 'n spesifieke denkwyse aandui. Hierdie denkwyse en teologie is dat verlossing slegs kan geskied deur die verkryging van knossos (kennis). Die teologie is sterk gebaseer op Johannes 1 waarin die woord logos (woord) vervang word met die woord knossos (kennis). Hierdie denkwyse is sterk beïnvloed deur die Griekse filosofiese denkwyses van die tyd. Nogmeer was die Gnostisici se oortuiging dat Jesus nooit werklik God was nie en slegs 'n leermeester was wat hierdie kennis aan die wêreld kom openbaar het. 1 Johannes is een van die briewe in die Nuwe Testament wat hierdie teologie ten sterkste veroordeel.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot ʻn nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
    b. Hoe verstaan jy die konsep van Liefde?

2. Na God
    a. Lees 1 Johannes 2:7-17
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Wat sê hierdie gedeelte oor liefde?
    d. Hoe is hierdie gedeelte van toepassing in jou lewe?

3. Na mense
    a. Gaan en leef liefde uit hierdie week.





# Jakob se droom

## Genesis 28 en 29-33

Jakob het baie ver gereis. Sy oom Laban het ver van hulle af gebly. Een aand het hy op die grond gelê en 'n klip as 'n kussing gebruik. Jakob het aan die slaap geraak.

Jakob het gedroom van 'n lang leer wat van die grond tot by die hemel strek. Engele het op en af geklim met die leer. God het gesê: "Ek is by jou, Jakob. Ek sal hierdie land eendag aan jou en jou familie gee."

Toe Jakob die volgende oggend wakker word, sê hy: "Die Here is op hierdie plek." Jakob het sy klipkussing gegop gesit om altyd te onthou wat hy daar gedroom het. Jakob het God geloof.

Terwyl Jakob by sy oom Laban gebly het, het hy 'n skaapwagter geword. Hy het verlief geraak en getrou.

God het vir Jakob geseën met baie seuns. Jakob het ook baie skape, donkies en kamele gehad. Op 'n dag het God vir Jakob gesê om na sy land toe terug te gaan.

Jakob wou teruggaan, maar hy was bang vir sy broer Esau. Hy het gedink Esau is nog kwaad vir hom.

Maar Jakob het gedoen wat God gesê het. Hy en sy gesin het al hulle goed opgepak. Jakob het sy werkers vooruit gestuur met geskenke vir Esau.

Jakob was baie verbaas toe Esau na hom toe hardloop om hom te groet. Esau het vir Jakob 'n stywe druk gegee. Hulle was baie bly om mekaar te sien.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 28 Maart** | |
| Dalene de Bruyn | |
| Thys Kritzinger | 012 804 0202 |
| Gottie Scholtz | 083 294 7717 |
| | |
| **Maandag 29 Maart** | |
| Abigail Cawood | |
| Taylee du Plessis | 082 538 2142 |
| Joanica Janse van Rensburg | |
| Johan van der Merwe | 012 803 0050 |
| | |
| **Dinsdag 30 Maart** | |
| Lorinda Botes | 082 929 0261 |
| | |
| **Woensdag 31 Maart** | |
| Sean Fourie | |
| | |
| **Donderdag 01 April** | |
| Xavier Fourie | 062 009 2009 |
| Drikus Schonken | 012 332 5980 |
| Jason Schonken | 012 332 5980 |
| Gabrie Strydom | 012 803 3938 |
| | |
| **Vrydag 02 April** | |
| Cecile Kleynhans | 082 926 6545 |
| William Stones | |
| | |
| **Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!** | |

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard – Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard – Japie De Clerq

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging, ons bid dat haar dogter se nier geskik sal wees).
Klein Janro de Jager. Ook sy ouers, Japie en Tia. Tia is tans ook swanger en beleef baie spanning rondom klein Janro.
Alex Smit - Logan Campher

**OPERASIES**
Bjorn Marais – bid asb. Vir volkome herstel

**AFSTERWE**
Wynand van Loggerenberg
Eunice Grové

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus - Tia en Japie de Jager - Bianca en Paul Steyn

**GEBOORTES**
Werner en Charmaine Oosthuizen – Olivia

**ONS BID OOK VIR**
ons gesondheidswerkers en almal wat geaffekteer is deur Covid-19
Geestesgesondheid van almal in ons land.

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

## Kry ons Toep

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese material
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

